

Donderdag 10 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 18:12-28

Fokusgedeelte: Handeling 18:24-27

Moenie jou laat onderkry nie, jy is nie die enigste een wat die Heilige Gees tot diens geroep het nie

Dit is beslis nie maklik om die evangelie aan mense te verkondig wat dikwels onverskillig daarteenoor staan en wat soms selfs vyandig daarop reageer nie. Daarom moes dit 'n wonderlike bemoediging vir die apostel Paulus gewees het om in verse 9 en 10 te kon verneem dat daar baie mense in Korinte is wat aan God behoort.

Daar is egter nie net baie mense wat aan God behoort nie, daar is ook baie wat deur die Heilige Gees geroep word om aan die vestiging van die kerk van Jesus Christus mee te werk. Dit is so dat die arbeiders in verhouding met die oes min is, maar jy staan nie alleen soos wat dit soms vir 'n mens voel nie. Daar is altyd 'n Priscilla en 'n Akwila wat onontbeerlike ondersteuningswerk verrig (vs 26) of 'n begaafde Apollos wat die werk kan voortsit wat deur iemand anders begin is, of doodgewone gemeentelede wat jou bemoedig en wat jou vriendelik ontvang (vs 27).

Ons is geneig om ons blind te staar teen die negatiewe dinge wat ons ervaar wanneer ons die evangelie uitdra. En dan voel dit by tye asof jy alleen staan en 'n verlore stryd stry. Daarom is dit belangrik om 'n keer tot stilstand te kom en om jou rond te kyk. Jy is nie alleen nie. Daar is talle mense om ons en tussen ons wat die Heilige Gees in sy diens gebruik, mense wat met 'n klein bietjie liefde of belangstelling of vriendelikheid of offervaardigheid 'n groot verskil maak. Hulle laat jou moed skeep en maak dit vir die Pualusse en die Apollosse van hierdie wêreld moontlik om die evangelie na die uithoeke van die aarde te dra.

Sing: Psalm 31-1:17, 18

Ds. CJH Breed (Casper) (Emeritus)